



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord slegs DRIE van die vyf vrae.
3. Elke vraag tel 50 punte.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Een van die groot probleme waarvoor die samelewing staan, is die toenemende geweld teen vroue. Hulle word dikwels aan emosionele mishandeling onderwerp, deur hulle manlike metgeselle geslaan en soms selfs doodgemaak. Alhoewel daar verskeie redes hiervoor is, is godsdiens ook vir geslagsgebaseerde geweld geblameer.

- 1.1 Wat is die gevolge van geslagsgebaseerde geweld op die samelewing as 'n geheel? (10)
- 1.2 Noem ten minste VYF praktiese maatreëls wat geloofsgebaseerde organisasies kan tref om die probleem op te los. (10)
- 1.3 Stem jy saam dat godsdiensvooroordeel teen vroue vir geslagsgebaseerde geweld blameer moet word? Bespreek godsdienslike leringe wat op jou antwoord betrekking het. (30)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die brief hieronder wat aan hoërskoolhoof geskryf is en beantwoord die vrae wat volg.

As 'n ouer maak ek sterk beswaar dat my kind by die skool van evolusie en die oerknalteorie leer. Dit druis in teen alles wat ons voorvaders ons van geslag tot geslag geleer het.

Ek glo dat dit my kind sal verwar om van al hierdie sogenaamde wetenskaplike teorieë te leer en dat hy die bestaan van God en die voorvaders (amadlozi/badimo/vhadzimu) sal bevraagteken. Ek is seker dat my kommer ook deur baie ander ouers van verskillende godsdiensgroepe gedeel word.

Bekommerde Ouer, Polokwane.

- 2.1 Aan watter godsdiens behoort die ouer hierbo? (2)
- 2.2 Identifiseer TWEE ander godsdiensleer wat dieselfde bekommernisse as hierdie ouer kan deel. (4)
- 2.3 Antwoord hierdie ouer en verduidelik aan hom wat die evolusieleer behels. (14)
- 2.4 Vergelyk hierdie teorie met leringe oor die skepping van die mens, in konteks van sy/haar godsdiens (in 'n poging om die bekommerde ouer te wys dat daar geen godsdienslike vooroordeel in Religiestudies as 'n skoolvak is nie). (20)
- 2.5 Verduidelik die oerknalteorie met betrekking tot evolusie aan die ouer. (10)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1 Wat word met normatiewe bronne in die konteks van godsdiens bedoel? (10)
- 3.2 Waarom is hermeneutiese beginsels in die interpretasie van godsdienstige teks belangrik? (10)
- 3.3 Bespreek die rol van mondelinge tradisie as 'n normatiewe bron in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (20)
- 3.4 Beskryf die rol van heilige geskrifte in enige EEN godsdiens. (10)
- [50]**

VRAAG 4

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die idee van 'n internasionale koalisie van godsdiensleiers wat vir vrede saamwerk, het 'n lang geskiedenis. Die eerste byeenkoms van godsdiensleiers van regoor die wêreld is in 1893 in Chicago, in die Verenigde State van Amerika gehou. Dit is die Parlement van Wêreldgodsdienste genoem. Dit was die eerste vergadering van die soort wat 'n verskeidenheid godsdienste saamgebring het.

[Aangepas uit *Focus*, RD Donne & S Harbour, bl. 27]

- 4.1 Bespreek die ontwikkeling van intergodsdienstige dialoog in die wêreldgeskiedenis. (20)
- 4.2 Bespreek faktore wat intergodsdienstige dialoog moeilik maak. (10)
- 4.3 Verduidelik die voordele van intergodsdienstige dialoog op die Afrika-kontinent. (20)
- [50]**

VRAAG 5

Om verskillende godsdienste te verstaan, begin ons dikwels deur na die hoofleringe van daardie besondere godsdienstige tradisie te kyk.

In die lig van die stelling hierbo, bespreek die kernleringe van enige EEN godsdiens onder die volgende hofies:

- 5.1 Die aard van die wêreld (10)
- 5.2 Die oorsprong en rol van boosheid (10)
- 5.3 Om die bose te oorkom (10)
- 5.4 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom/humaniteit in die wêreld (10)
- 5.5 Lewe na die dood (10)
- [50]**

TOTAAL: 150